Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 16 April 1952. Prys 3d. Nr. 20.

# SWAK ARBEIDSPRESTASIE VAN BRITTE HET TWEE WÊRELDOORLOË VERWEK

## Bevindings van Instituut

**Die agterlikheid van Britse produksie-metodes en die onwil van sy werkersorganisasies om meer te produseer, word geopenbaar in 'n verslag van die Amerikaanse Instituut vir Masjien-produkte. Die ondersoek in Brittanje is deur Britte self gedoen wat hul bevindings aan die instituut verstrek het. Daaruit blyk dat die Amerikaanse werker oor die algemeen byna drie maal soveel werk per uur lewer as die Brit, en in sommige gevalle selfs soveel as ses maal meer. Dieselfde skewe verhouding het ten opsigte van Duitsland bestaan, en dit het gelei tot „twee verwoestende wêreldoorloë'' lui die verslag.**

Die verslag tref vergelykings ten opsigte van sekere soorte werk en toon dat die verskil in produksie per man-uur van 131 persent tot 597 persent is. Die gemiddelde verskil in produksie per man-uur is 2.8 tot 2.9 maal in die guns van die Amerikaners.

As die produksie van 'n Britse werker op 100 per uur gestel word, is die vergelykende syfers van die Amerikaanse werker as volg ten opsigte van die volgende nywerhede:

Hoogoonde 447, smelt en rol van staal 208, yster- en staalprodukte soos draad, gereedskap, ens. 495, masjinerie 347, sement 131, motorkarre 518, radiotoestelle 597, katoenverwerking 161, skoene 204, motorbande 329, seep 346.

### VER AGTER

**As dit kom by die produksie van steenkool — een van die basiese grondstowwe in Brittanje — lê die Britte baie ver agter. Waar een Brit 2,350 pond steenkool per skof lewer, is die produksie van 'n Amerikaanse steenkoolwerker 8,740 pond. In Holland is dit 3,590 en in die Ruhr 3,370 pond per skof. Nog groter is die verskil waar dit die steenkoollaaiers betref. Teenoor die Britse 5 ton per skof laai die Hollanders 20 tot 25 ton en die Amerikaners meer as 50 ton per skof.**

Die verslag meld dat hoewel agterlike masjinerie grootliks vir die toestand verantwoordelik is, daar ook 'n geestesinstelling by die Britse werker is wat vooruitgang strem. Hulle kleef vas aan verouderde begrippe en gewoontes. Steenkoolwerkers is byvoorbeeld gekant teen die invoering van nuwerwetse masjinerie, en oor die algemeen hou die arbeidsorganisasies niks van veranderings in werktoestande nie.

### HET WÊRELDOORLOG VEROORSAAK

**Die verslag verklaar dat die Britse agterstand op die gebied van arbeid verantwoordelik was vir die twee bloedige wêreldoorloë deurdat die groter Duitse produksie die magsewewig in Europa versteur het.**

**Met ander woorde, omdat die Britse werker nie kon kers vashou by die Duitse werker nie, kon Brittanje sy handelsoorheersing in die wêreld nie behou nie. Dit het ernstige militêre, politieke en ekonomiese gevolge gehad wat uiteindelik die wêreld in twee verwoestende oorloë gedompel het. Suid-Afrika se steun aan Brittanje in hierdie twee oorloë was dus in grond van die saak 'n steun vir Britse agterlikheid op arbeidsgebied, net soos ons huidige hulpverlening aan Brittanje in sy ekonomiese nood per slot van sake subsidiëring van Britse luiheid is. Dit was 'n Engelssprekende, mnr. Robert Murray, wat onlangs na sy terugkeer aan Europa en Brittanje gesê het dat die Britte die luiste blanke volk op aarde is en dat hy gesien het dat Belge van twee- tot driemaal soveel puin per man verwyder as die Britte.**

# NUWE LESERS

Verlede week het die lesers van Die O.B. weer sewe nuwe intekenare gewerf.

Mnr. D. P. de Lange van Immerpan het een nuwe leser vir een jaar gewerf; mnr. P. J. du Toit van Wepener, drie nuwe lesers vir een jaar elk; mnr. J. M. Brill van Brits, een vir een jaar; en „Republikein" van Stellenbosch, twee vir 'n proeftydperk van 'n maand elk.

Ons hartlike dank aan hierdie ywerige lesers. Die hulp wat ons lesers bied by die verspreiding van ons blad is reeds besig om 'n merkbare uitwerking te hê. Die belangstelling in die Ossewabrandwag neem toe soos blyk uit navrae en briewe van aanmoediging wat die redaksie ontvang.

Daar word gebou aan die Ossewabrandwag.

Laat elke leser van Die O.B. die goeie werk met hernude ywer en lus voortsit.

# STATEBOND IS WAARBORG VIR OORLOGSDEELNAME SÊ LORD

**Die stelling wat Die O.B. drie jaar gelede gemaak het, naamlik dat die Britse Empire in die pad van Europese heropbou staan omdat Brittanje kans sien om teen enige Europese moondheid op handels- en oorlogsgebied mee te ding en gevolglik geen Europese eenheid begeer nie, is verlede week uit die mond van die Britse minister van statebondsbetrekkinge self bevestig. In 'n radiorede het lord Salisbury beklemtoon dat Brittanje se Empire uiteen sal val indien Brittanje by 'n Europese federasie aansluit en dat dit die grootste ramp vir Engeland sal wees.**

**Hy het ook te kenne gegee dat die bestaan van die Statebond waarborg was van die dominiums se deelname aan die twee wêreldoorloë.**

Lord Salisbury het gesê: „Indien Brittanje opgaan in 'n Europese federasie beteken dit vanselfsprekend dat beheer oor sy verdediging en buitelandse beleid, sowel politiek as ekonomies, in die hande van die federale regering sal oorgaan. Indien dit gebeur, sal Brittanje ophou om 'n onafhanklike soewereine staat te wees en gevolglik sal hy nie meer in staat wees om sy huidige rol in die assosiasie van onafhanklike soewereine state wat gesamentlik die Britse Statebond uitmaak, te speel nie.

„Brittanje sal eenvoudig 'n onderdeel van Europa word en die ander Statebondslede sal hul eie koers gaan. **Hulle sal die nuwe verpligtings op hulle wil neem ten opsigte van die vasteland van Europa ongeag wat hy (Brittanje) mag doen.**

### EUROPESE OORLOË

„Ek is gevolglik bevrees dat hoe goed ons bedoelings ook al mag wees, indien hierdie land opgaan in 'n Europese federasie, dit net 'n stap tot opbreking van die Britse Statebond sal wees met al die onberekenbare gevare wat daarmee saamhang.

**„Moenie dat ons vergeet nie dat die suster-dominiums in die Statebond sonder enige verpligting van begin tot end in die afgelope twee wêreldoorloë vrywillig met ons geveg het in elke afdeling van die stryd, met inbegrip van Europa.**

„Die voortbestaan van die Britse Statebond en ons lidmaatskap daaraan moet die hoeksteen van sowel ons buitelandse as ons imperiale beleid wees. Dit is in ons belang en ook in belang van die volke van Europa."

### WAARBORG VIR OORLOGSDEELNAME

**Dit is interessant om daarop te let hoe die Britse minister lidmaatskap met die Statebond as waarborg voorhou vir deelname aan Europese oorloë aan Britse kant. Sonder dat die dominiums in die vorige twee wêreldoorloë enige verpligting ten opsigte van Europa aanvaar het, so lui sy verklaring, het hulle uit vrye wil saam met Brittanje gaan oorlog maak. Daarvoor was hul lidmaatskap aan die Statebond die waarborg — 'n waarborg wat sal verdwyn sodra die Britse Statebond uiteen val weens Brittanje se verlore greep daarop indien hy hom by 'n Europese federasie sou voeg.**

### TEEN EUROPA

Wat lord Salisbury egter (Vervolg op bladsy 4 kolom 2)

# TEENSTANDER VAN O.B. SLUIT AAN NA DEURLEES VAN BLAD EN WIL NET WOEL

**„Vertel hulle dat ek O.B. geword het omdat ek nou eers uitvind dat die O.B. presies so dink soos ek al vir die afgelope twintig jaar of meer gedink het, en dit nooit geweet het nie, en altyd 'n teenstander van die O.B. was," skryf mnr. M. C. Joubert, 'n vyf-en-sewentigjarige veteraan van die Vryheidsoorlog, in 'n brief waarin hy self op Die O.B. inteken en terselfdertyd die geld en name van nog twaalf persone insluit met die oog op kennismaking met ons blad.**

Hy spreek die hoop uit dat die nuwe intekenare al hul invloed sal gebruik om die partylose bewind oor sewe jaar te help invoer. „Ek het my hand aan die ploeg gesit, en my ploeg moet vore trek. Ek sal die O.B. help net waar ek kan," skryf hy en gaan voort:

„Die tyd is kort, maar ons moet probeer om 50 of 150 partylose kandidate in die volgende verkiesing in te stoot al kos dit ons ook £5,000 aan verbeurde deposito's. Dit sal die volk wakker skud en meebring dat ons by. die daaropvolgende verkiesing al ons kandidate tuisbring en ook die partylose republiek. Vra O.B.-gesindes om geld vir die doel te skenk. Ek sal self 20 sjielings gee, aangesien ek maar net 'n oudstryderspensioen het om van te lewe. Dink net daaraan: oor sewe jaar 'n vrye republiek sonder partystelsel en Gods seën weer met ons — want dan sal al die uitskellery van broer teen broer op 'n end wees. God het 'n welbehae in ons volk en land en ons sal dit gewaar word sodra ons die uitskellende, swartsmerende, sielbesoedelende partypolitieke propaganda uit ons midde gewerp het. Droogtes, storms, siektes onder ons mens en dier sal met rasse skrede verminder namate ons in vrede leef en weer broer en naaste lief het. Onheil trap sodra heil intrap. Waar vrede en liefde woon, gebied die Here sy seën. Dit is waaragtig waar! Ons predikante behoort nie saam te gaan met die partyvloek nie, maar dit soos alle euwels te beveg.

„Ek is amper 75 jaar oud en het my lewelank onder Engelse en Skotte geleef onder wie ek van my beste vriende tel. Hulle is liewe goeie hand-by-sittende vriende as jy hulle vriend wil wees of is. Ek is darem nog bekwaam om agter boerdery of besighede te kyk solank die eienaars vakansie hou en dit was by so 'n geleentheid in die Bethal-distrik dat ek die O.B.-blad raakgeloop het. Die deurlees daarvan het my sommer weer laat voel soos ek gevoel het toe ek die lewe vir lord French en sy troepe daar by Colesberg in 1900 'n bietjie baie moeilik gemaak het. Ons moet die O.B.-nuus onder die Engelse versprei. Ek is seker ons sal 60 persent van hulle kan oorhaal tot ons sienswyse.

**„As 'n arm man 20 sjielings kan spaar vir die verlossing en opbouing van sy volk en geheel Suid-Afrika, dan sal daar tog seker baie van die ‚ryk oues' wees wat £100 of meer sal gee om ons 50 of 100 partylose kandidate in die eerskomende verkiesing te kan stel en help om duisende pamflette by elke stembus te versprei. Ons is op die regte pad en ons sal ons doel bereik, want die Groot Regter is met ons.** Vrees nie. Laat die Grootraad besluit en laat hulle op die osse skreeu en die ploeg laat loop waaraan hulle die hand gesit het, want

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

dit baat niks om met die hand aan die ploeg te staan en rond te kyk nie — daar moet na vore opgeruk word. **Niks word gewen deur niks te doen: moenie met 'n oop mond wag vir kos om daarin te val nie. Ons moet woel!**

„Een vir almal en almal vir een moet ons leuse wees en elke O.B. moet dit in handel en wandel uitleef."

DIE O.B., WOENSDAG, 16 APRIL 1952

# BRITTANJE BIED 'N POLITIEKE LES

Die wispelturigheid van die partypolitiek het hom weereens in Brittanje geopenbaar met die jongste munisipale verkiesings waarin die Arbeidersparty groot winste op die Konserwatiewe (regerings-) Party behaal het. Te oordeel na hierdie verskuiwing in die plaaslike besture, wat ook op partylyne gegrond is — net soos dit in ons land reeds dreig om te word — kan die Konserwatiewe Party van Churchill nie hoop om 'n volgende verkiesing te wen nie. Dit is egter nie die belangrikste feit nie. **Veel belangriker is dit dat die bewindvoerende party in sulke omstandighede nie die moed sal openbaar om drastiese maatreëls aan te pak om Brittanje uit sy ekonomiese nood te red nie. Partypolitiek sal dus ook enige reddingspoging in Brittanje self verydel, en dit sal die Unie-burger wees wat deur middel van swaarder belastings en die ontbering van noodsaaklike goedere daarvoor sal moet betaal. Ons dra dus nie meer net die laste wat ons eie land se partypolitiek op ons afgooi nie, maar ons sal weens ons gebondenheid aan Engeland nou ook nog die regstreekse tol moet betaal vir die gebreke van die „Moeder van die Parlemente."**

## GEEN VERANTWOORDELIKHEID

Algemeen word aanvaar dat die wending in die Britse partypolitiek binne die kort tydsbestek van 'n half jaar toegeskrywe moet word aan die besuinigingsbeleid van die regering, onder meer ten opsigte van gratis gesondheidsdienste, wat deur die Arbeidersbewind verskaf is. Die Britse arbeider het alle sin vir verantwoordelikheid verloor in die lang proses van klassestryd waarin hy opgegroei het, sodat hy vandag nie meer bereid is om skouer aan die wiel te sit om sy vaderland uit sy nood te red nie. Net nadat die nuwe bewind van Churchill aangekondig het dat hy die gratis gesondheidsdienste gaan afskaf, het daar verset by die werkers ontstaan en in die steenkoolmyne byvoorbeeld is daar oorgegaan tot minder werkure per week.

**Vir hierdie gebrek aan verantwoordelikheidsin moet die partystelsel 'n ruime rekening neem. In die jag op stemme is die wedywerende partye nie in 'n posisie om die burger op sy pligte te wys nie, maar moet hulle hom die hemel op aarde belowe.** Hulle buit die ydele en sondige neigings van die mens uit vir die bevordering van die partypolitieke doel, en die gevolge hiervan moet noodwendig wees die demoralisering van 'n volk.

## BESKERMHERE

Gewoonlik het elke party sy besondere groep uit die kieserskorps op wie se skouers hy na die groen kussings probeer ry. In ons land was dit nog altyd die Afrikaanse en die Engelse groepe wat as teelaarde vir die partye moes dien. In Brittanje, waar so 'n gunstige verdeling ontbreek, het die partye hulle ingegrawe agter die klasse-walle. Waar die Arbeidersparty hom hoofsaaklik beywer vir die belange van die gewone werker, het die Konserwatiewe Party hom weer beroep op die steun van die base en die middelklas. **Die arbeider het dus op politieke gebied 'n beskermheer in die party gevind vir sy onvaderlandsliewende en selfsugtige begeertes. Hy het heeltemal afgeleer dat hy ook pligte teenoor die samelewing en sy vaderland het. Die party het net nadruk gelê op sy „regte" en die gevolg vandag is dat Brittanje dodelik krank is — so krank dat as dit nie vir die liefdeshulp van sy Empire-lande was nie, hy reeds as moondheid van die kaart sou verdwyn het. En selfs in hierdie uur van ondergang, wanneer die dominiums krampagtige pogings aanwend ten koste van hul eie werkers om Brittanje uit sy nood te red, wéier die Britse werker om sy deel te doen en dreig hy met stakings wanneer voorregte van hom afgeneem word wat nie in die dominiums bestaan nie.**

Die Arbeidersparty mag as gevolg van sy uitbuiting van die luiheid en selfsug van sy stemvee binnekort weer aan bewind kom in Brittanje. Dan sal nog groter oproepe aan die dominiums om hulp noodwendig daarop volg — en waarskynlik gegee word. **Maar dit sal goed wees vir ons volk om te onthou dat Suid-Afrika daarmee die werkskuheid van die Britse volk subsidieer sowel as die rekening betaal vir die dwase Britse partystelsel in Brittanje self.**

**Maar laat wat in Brittanje gebeur, ook vir ons 'n waarskuwing wees. Ons sit opgesaal met dieselfde Britse partystelsel waarin partye teen mekaar bie en die pragtigste Utopias aan die kiesers voorhou. Ons sit met vraagstukke wat sekerlik groter is as dié van Brittanje en dit sal nie opgelos word as ons net ons geriewe aandagtig bly nie. Tensy 'n gees van opoffering aangekweek word — wat onmoontlik is in die dampkring van die partystelsel — sal ons volk in sy naloping van ligspieëlende partybeloftes uiteindelik versterf in die woestyn van ondergang.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Moet Gou Handel*

Een van my lesers skryf uit Clanwilliam: „Dit is vir my baie bemoedigend om te sien dat daar meermale stukkies uit adv. Pirow se Nuusbrief in Die O.B. verskyn. Dit voorspel miskien 'n nadere samewerking tussen die twee organisasies — iets wat ek graag lankal sou wou gesien het.

„Daar is, onder huidige omstandighede nie meer baie tyd vir skryf en praat nie. Daar moet dadelik en gou gehandel word. Die inleidingsartikel van Die O.B. van 2 April 1952 slaan die spyker op die kop.

„Met die hofuitspraak oor die Kleurlingwet is baie dinge wat die partyleiers jarelank vir ons vertel het en wat ons al begin glo het, die kop ingeslaan. Daardie storie dat die Unie se sogenaamde proses van konstitusionele ontwikkeling onder die Britse kroon lei en reeds gelei het na volksoewereiniteit of volksgesag blyk nou nie waar te wees nie. Dit blyk nou dat die Unie en die volk van Suid-Afrika slegs gedelegeerde magte en soewereiniteit besit.

„Die Unie en die volk van Suid-Afrika het net soveel mag en soewereiniteit as wat die Britse parlement ooreenkomstig die proses van konstitusionele ontwikkeling onder die kroon aan hom gegee of gedelegeer het. Blykbaar is dit die wettige konstitusionele posisie. En as ons wettige en konstitusionele regering in Suid-Afrika verlang (en ek glo dat die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse kiesers verlang dit) dan moet ons een van twee dinge doen. Ons moet òf in die huidige wettige en konstitusionele posisie berus òf ons moet 'n nuwe wettige en konstitusionele posisie daarstel. Dit lyk vir my die enigste twee moontlikhede.

### *Mag Nie Berus Nie*

„Ek dink nie ons mag in die huidige posisie berus nie. Dit is wel waar dat die magte of die vryheid wat die Britse parlement aan die Unie gegee het volkome is, maar dit is tog ook waar dat daar aan die uitoefening van die magte of die vryhede ten aansien van 'n paar sake, soos byvoorbeeld die regte van die Kleurlinge en van die Afrikaanse en die Engelse taal, sekere voorwaardes verbonde is, naamlik dat daardie regte nie verminder mag word sonder 'n twee-derde meerderheid in 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en die Senaat nie. Die moeilikheid is nou juis dat hierdie voorwaardes dit in die praktyk onmoontlik maak om die kleurvraagstuk op te los op 'n wyse wat die blanke heerskappy in ons vaderland waarborg. Daarom sê ek dat ons nie mag berus in die huidige konstitusionele posisie nie omdat die Britse vryheid wat ons tans besit onvoldoende is vir die beveiliging van blank Suid-Afrika.

„My standpunt is dat ons 'n nuwe wettige konstitusionele posisie moet daarstel — wat wel voldoende is vir die beveiliging van blank Suid-Afrika.

### *Verkeerde Benadering*

„En omdat ek so dink kan ek nie saamstem met die standpunt van die Nasionale Party-regering van dr. D. F. Malan nie. Die regering wil blykbaar die huidige konstitusionele posisie van die Unie onder die Britse kroon handhaaf. Die regering wil egter die posisie op sy eie manier interpreteer; en hy wil 'n stryd teen die Appèlhof aanknoop wat die posisie anders interpreteer. Ek beskou dit 'n verkeérde benadering van die saak is. As 'n wetsgehoorsame burger van die land verkies ek dat die regering ook konstitusioneel en wettig moet handel. As die regering die gesag van die howe uitdaag en onkonstitusioneel wil handel, dan moet ek, as gewone burger, ook seker maar die gesag van die howe uitdaag en onwettig handel wanneer dit my pas. En waarheen sou dit nie lei nie?

„Die regering se propaganda dat die Appèlhof nie die toetsingsreg het nie, kan ek ook nie verstaan nie. As die Unieparlement, soos die grondwet bepaal, sekere wetgewing (bv. die Kleurlingwet) slegs op sekere voorwaardes (bv. 'n twee-derde meerderheid in 'n gesamentlike sitting van albei huise van die parlement) kan deurvoer, dan is die implikasie tog inherent dat iemand of iets die reg moet hê om te toets of die parlement die voorwaardes nagekom het. Dit lyk vir my verstaanbaar en logies. En wie moet daardie toetsingsreg hê? Die Britse parlement of die Geheime Raad? Nee, dan liewer die Appèlhof van Suid-Afrika.

### *Erken Die Waarheid*

„My standpunt is dat die regering nie moet ontken dat die Unie Britse vryheid het nie, en ten aansien van sekere sake voorwaardelike vryheid nie. En dat die regering nie sy ontkenning moet probeer regverdig deur 'n stryd teen die howe van ons land te ontketen nie.

„Hierdie sienswyse bring ons niks nader aan die republiek nie. Inteendeel, dit probeer maar net — nou weer deur 'n stryd teen die howe — om die proses van konstitusionele ontwikkeling onder die Britse kroon goed te praat teenoor die Afrikanervolk.

„Nee, laat die regering liewer die howe met rus laat en reguit vir die volk sê dat die Britse vryheid wat ons het nie voldoende is vir die beveiliging van blank Suid-Afrika nie; dat konstitusionele ontwikkeling onder die kroon 'n leë dop is; en dat die tyd nou aangebreek het om 'n republiek uit te roep.

„Die nuwe wettige konstitusionele posisie wat ek verlang, is die omskepping van die Britse Koninkryk van Suid-Afrika tot die Republiek van Suid-Afrika. Dan verval die Britse Koninklike konstitusie wat vandag ons wettige konstitusie is en kan dit vervang word met 'n republikeinse grondwet wat dan voortaan ons wettige grondwet sal wees.

### *Twee Maniere*

„Hoe kan dit geskied? Daar is twee moontlike maniere om dit te doen.

„Die eerste is dat 'n sterk en invloedryke deputasie na die Eerste Minister gaan en van hom eis om soos volg op te tree: Sy ministers van verdediging en justisie te gelas om die leër en die polisie in gereedheid te hou; dan 'n republiek te proklameer en dit oor die radio aan te kondig; en laastens om die gevolge van sy optrede te staan. Ek glo ook nie dat daar danige ,gevolge' sal wees nie, miskien hier en daar 'n paar insidente.

„Die tweede manier om 'n republiek uit te roep en 'n republikeinse grondwet daar te stel (en wat ek sal verkies) is die volgende:

„Laat die regering met 'n gewone meerderheid in die Volksraad en die Senaat 'n wet aanneem wat Suid-Afrika tot 'n republiek sal proklameer.

„Laat die regering dan vir 'n tydperk per proklamasie regeer totdat die grondwet van die republiek opgetrek is en in werking getree het.

„Om die republikeinse grondwet op te trek moet 'n nuwe Nasionale Konvensie belê word, waarheen verteenwoordigers van organisasies wat die hele geestelike, kulturele, en funksionele lewe van die volk dek, uitgenooi word.

„Dit lyk vir my 'n baie praktiese weg tot die daarstelling van die republiek.

### *Bobbejaan Aan Die Paal*

„Ek wil hê dat die nasionale regering nou 'n republiek moet uitroep om eens en vir altyd 'n end te maak aan die konstitusionele krisisse wat periodiek ons land teister en ons volk verskeur. Nie net ek verlang dit nie, maar ek weet dat tienduisende Afrikaners van die Kaap tot aan die Limpopo dit ook verlang. Wat is die alternatief? Berusting in die huidige konstitusionele posisie. En wat is die konsekwensies daarvan?

„Dit is klink en klaar dat ons onder die huidige omstandighede nog maar net die bobbejaan aan die paal is. En as ons Afrikaners gewillig is om saam met die Kleurlinge en die Asiate en die Naturelle mee te doen aan die proses van konstitusionele ontwikkeling onder die Britse kroon dan ,ontwikkel' ons na 'n stadium wanneer Afrikaner, Kleurling, Asiaat en Naturel ,gelyke menslike en demokratiese regte' sal geniet— want is dit dan nie die bestemming wat die Britse kroon aan elkeen van sy onderdane waarborg nie? Selfs in die Unie se grondwet gewaarborg het nie?

„En wanneer hierdie gemeenskaplike bestemming bereik is, sal die Natallers (om maar die mense te noem wat ons Afrikaners beskou as voorbeelde van die rooiste anti-republikeine in ons land) saam met die Indiërs en die Soeloes na die stembusse moet gaan om parlementêre, provinsiale en munisipale verteenwoordigers te kies. En hulle sal nie daarvan hou nie.

### *Kies Sommer Nou*

„Nou sê ek. Gee hierdie mense sommer nou die kans om te kies: òf die republiek òf ikabod op blank Suid-Afrika. Ek glo nie dat hulle sal kies nie. Ek glo verder dat hulle stof sal opskop as ons Afrikaners die republiek kies. Maar ek glo ook dat hulle in hulle harte dankbaar sal wees dat die blanke toekoms vir hulle en hulle kinders nou eenmaal beveilig is.

„Ten slotte wil ek aansluit by die hoofartikel van Die O.B. waarna ek verwys het; ek wil by elke Afrikaner pleit:

**„Moet tog nie die stryd vir die republiek verruil vir 'n vrugtelose stryd teen die howe van ons land nie. Dit sal die Afrikanervolk niks baat nie en heel moontlik net die Verenigde Party-opposisie aan die bewind bring."**

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow**, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**SIEKTES en Kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY **SANLAM** IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM


# O.B. MOET OORWEEG OM REPUBLIEK SELF TE BRING

**Mnr. Herman Luitingh, Pretoria, skryf:**

Langs hierdie weg wil ek die Torch Commando baie dankie sê omdat hulle op hulle eie onkoste dwarsdeur die land die gemoedere van die Boervolk weer gaande gemaak het, en die Afrikaner wereens daarvan bewus gemaak het dat die eeue-oue stryd nog nie beëindig is nie. Hier in Pretoria het dit rof gegaan. Daarom is dit vir my onverstaanbaar waarom die Boervolk nie weer in hulle massas by die O.B. aansluit nie. Soos 'n lid van die H.N.P. nou die dag aan my sê: „Man, Luitingh, al wil ek nie 'n lid van die O.B. wees nie, is ek tog bly dat julle daar is!" Onwillekeurig dink ek dan terug aan die dae 75 jaar gelede. Toe was daar 'n Genootskap van Regte Afrikaners. Hulle getalle kan met dié van die O.B. vergelyk word — min. Maar dit was hulle wat vasgehou en geveg het vir hulle taal, nl. Afrikaans. Toe was daar ook die mense wat gesê het dat Afrikaans 'n kombuistaal is, en dit hoort nie tuis in die voorhuis nie. Hierdie paar manne het volgehou, en vandag praat al die afstammelinge van daardie elemente AFRIKAANS. Nou ja, so sal dit ook met die O.B. gaan. Oor 75 jaar hiervandaan sal ons 'n Boere-republiek hê waar Afrikaans die enigste offisiële taal gaan wees, en die Vierkleur weer sy regmatige plek gaan inneem. Dan sal diegene wat die O.B. vandag beswadder ook seker Hosanna wil skree.

Ek is daar oortuig van dat die groot massa Afrikaners nog „reg" is. Die leiding wat hulle egter nou kry is verwarrend en vaag. Dit kan nog nie by hulle deurdring dat hulle party 'n gedaantewisseling ondergaan het nie. Die Boerevolk soek net die regte leiding en hy sal wys van watter stoffasie hy gemaak is.

Baie kêrels van die party het my gevra: „Maar sê my, hoe meen julle om eendag aan die bewind te kom?" Ek bly hulle nog 'n antwoord skuldig. Daarom vra ek vandag: Is die funksie van die O.B. vandag alleen om die republikeinse doelstellinge te propageer, of stel ons dit nog ons doel om eendag die bewind oor te neem? Ek hoop dat albei die geval is, anders kan ek nie die doel van ons bestaan sien nie.

Ons het alreeds deur middel van 'n party probeer om ons doelstellinge te bevorder, en die gevolge sal nie lig vergeet word nie. Dit het getoon dat ons op eie kragte moet staatmaak. Dit beteken organisasie en uitbreiding en versterking.

By die meeste Afrikaners het die idee skynbaar posgevat dat 'n volk alleen sy politieke regte kan verkry by wyse van die konstitusie. Daarom durf mens die idee van 'n staatsgreep nie te berde bring nie.

Dan bly daar mynsinsiens net een logiese ding oor, nl. om volkverteenwoordigers na die parlement toe te stuur en dan met die „stem" aan die bewind te kom. Daarna kan 'n mens haastig „huis skoonmaak en regmaak." Stelselmatig kan die res van „die volk" dan kennis maak met die beleid van 'n Boere-republiek. Miskien kan mens aan so 'n stap dink wanneer die huidige bewind as gevolg van hulle agterlosigheid van die kussings gelig word. Moontlik sal die volk dan self ons weer opsoek. Graag sou ek u opinie hieromtrent wil hoor.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

Met die volgende pos stuur ek 'n hele aantal nuwe intekenare vir die O.B.-blad.

## Duurtetoeslag Verdedig

**Staatsamptenaar, Tvl., skryf:**

Ek het met belangstelling die artikel van „Veritas" in Die O.B. van 26 Maart gelees insake duurtetoeslae en lewenskoste. Met die inhoud as geheel wil ek graag saamstem maar ek wil dadelik daarop wys dat die loonen salaristrekker tot dusver die grootste las van die verhoogde lewensduurte gedra het en nog dra, soos min. Havenga ook tereg opgemerk het in sy jongste begrotingsrede.

„Veritas" skryf o.a.: „Maar hierdie noodsaaklikheid (van lewenskostetoelae) is nie van toepassing op mense wie se inkomste £60 of meer per maand is nie. En om die persentgewyse toediening van lewenskostetoelae ook op die hoër inkomstegroepe van toepassing te maak is dwaasheid ten top gedryf." Allereers is dit nie juis dat toelaes persentgewys gedoen word nie. Dit word bereken op 'n maksimum-basis van £400 per jaar (in die staatsdiens) — en of 'n persoon nou 'n salaris van £400 per jaar kry of £1,200, die toelae bly in albei gevalle presies dieselfde — tot die ergernis van alle amptenare bo genoemde kerf!

Wat „Veritas" klaarblyklik vergeet is dat die koopkrag van ons geld, konserwatief bereken, met die helfte verminder het terwyl daar verkeerdelik gehamer word op die lewenskoste wat gestyg het! 'n Persoon wat dus vandag 'n normale salaris van £600 per jaar ontvang moes £1,200 per jaar ontvang om dieselfde lewenstandaard te handhaaf as voorheen. Hy ontvang egter tans (na die jongste begroting) £920 per jaar, d.w.s. meer as £20 per maand minder as die regverdige minimum. Vergelyk hierteenoor die verhoging in pryse van sy verbruikersgoedere (of die verhoging wat die produsent toegeken word). Ek noem enkele voorbeelde: Koring: £1 na £2/10/- (150 persent); Mielies: 10/- na £1/10/- (150 persent); 'n Slag-os: £10 na £30 (200 persent); 'n Pak klere: £8 na £20 (150 persent).

(Vervolg in volgende kol.)

Sou dit nie regverdiger wees oom eers van die produsent te verwag om met 'n kleiner winsgrens tevrede te wees, totdat die vorige ewewig weer bereik is nie? Is die winsgrens van party-produkte nie miskien effens buitensporig nie? (Die Sappe fluister reeds dat die Kabinet in die eerste plaas bestaan uit produsente en in die tweede plek uit Ministers!)

## Help u Ook?

**Baie lesers van ons blad het hulle intekengeld reeds betaal. Sodoende help hulle om die ideaal van 'n republiek nader te bring. Aan hulle sê ons: Dankie, daarmee het u ook 'n daad verrig.**

**Daar is ander wat dit nog nie gedoen het nie. Aan hulle sê ons: Deur u versuim help u om die enigste republikeinse stem in ons land te smoor.**

# Tien Jaar Gelede

## „DIE STRYD OM DIE ORDES"

**Op 15 April 1942 het Die O.B. 'n beskouing gepubliseer van dr. H. G. Stoker se boek, „Die Stryd om die Ordes." Die blad het onder meer geskryf:**

„As voorbeeld wil ek net 'n paar aanhalings neem. Op bladsy 269 stel hy ongeveer die houding wat ons teenoor stelsels in ander landse moet inneem. Dis geen vyandige houding wat alles as vreemd wil veroordeel nie: ,Die ontwikkeling van die Calvinisme het die Calvinisme nie net aan homself te danke nie. Al die ander stelsels soek ook oorwinning van wantoestande, en hul pogings om die wantoestande te bemeester, m.a.w. hul ideologieë of stelsels bevat waarheidsmomente wat dikwels juis hulle, en nie die Calvinisme ontdek nie. Dit moet ons eerlik erken. Die Calvinis gee aan al dergelike waarheidsmomente egter hul plek in sy stelsel. Hierdie waarheidsmomente neem hy van die betrokke stelsel oor, nie omdat dit aan die stelsel behoort nie. Want die stelsel vervals die waarheidsmomente deur hulle te oordryf, te verabsoluteer en te vergoddelik. Maar omdat hulle waarheidsmomente is, hoort hulle in die Calvinisme tuis. Die Calvinis neem met ander woorde van daardie stelsels terug wat potensieel altyd syne was.' "


Die kommedant-generaal het destyds dr. Stoker se boek by O.B.-lede aanbeveel as 'n leidraad op ideologiese gebied.

## Is Goedgekeur

Die Engelse pers in Suid-Afrika is baie ontevrede oor die nuwe medaljes wat deur min. Erasmus vir Suid-Afrikaanse verdienstes ingevoer is. Die Cape Times verwyt die Minister dat hy nie Engelssprekende verteenwoordigers uitgenooi het om die ontwerpe goed te keur nie. „Sodoende sou Suid-Afrika ten minste dekorasies gehad het wat goedkeuring wegdra," aldus die blad.

**'n Berig in die Engelse pers 'n paar dae tevore het egter gemeld dat die medaljes vir goedkeuring aan die Britse koningin voorgelê was en dat sy dit aanvaar het. Is dit nie genoeg vir Britse sentiment nie?**


**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



**Kommando**

**Suid-Afrika se** *gewildste* **sigaret**




** Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

G1-3078

# Volk Begin Afkeer Kry Van Partypolitiek

**Dit is bemoedigend om te sien hoedat die waarheid van die oorwoë woorde wat wyle genl. J. B. M. Hertzog in 1942 uitgespreek het steeds meer en meer deur die volk besef word. In sy beroemde Ope Brief aan die Afrikanervolk het genl. Hertzog onder meer verklaar: „Die demokratiese parlementêre party is reeds lankal, as deugdelike middel tot bevordering van volkswelvaart, uitgedien en is die toevlugsoord geword vir lis en eiebelangberamende politici en aspirant-politici."**

**'n Week of wat gelede het die volgende brief van mnr. A. M. Serfontein, Mokani, Fouriesburg, in verskeie koerante in ons land verskyn:**

„Die laaste tien of twintig jaar het ons met belangstelling die resultate van die verskillende regerings gevolg om te sien of selfs een van hulle ten volle in die belang van ons land en volk kon gewerk het, maar daar is net een gevolgtrekking: dat geen politieke partyregering volkome in die belang van ons land en volk kan werk nie.

„Dit het al keer op keer gebeur dat die opposisie met die oog op propaganda en politieke munt die beste voorstelle van die regerende party bestry en in baie gevalle verongeluk.

„Die tyd was nog nooit so ryp as nou nie dat ons partypolitiek moet beëindig. Ons moet met die volgende verkiesing ons beste manne Volksraad toe stuur, ongeag aan watter party hulle behoort.

„Ná afloop van so 'n verkiesing kan die Volksraadlede 'n nuwe grondwet opstel. Dan alleen sal hierdie manne vir ons land en volk kan doen waarna ons so bitter lank al verlang.

**„Ons gaan ten gronde en Suid-Afrika is verdeel in vyandige kampe. Ons verwag van ons meer bekwame manne om na vore te kom en die voortou te neem, en ons uit hierdie ellende uit te lei."**

### STEUN

Verlede week het mnr. J. T. Cloete van Tadcaster soos volg daarop reageer in Dagbreek:

„Ek is dit roerend met mnr. Serfontein omtrent partypolitiek en landsregering. Hy is seker nie die enigste wat so dink nie. Onder die huidige stelsel is die uitgangspunt veels te veel hoe om aan die bewind te kom of hoe om aan die bewind te bly, **met die gevolg dat langtermynse bouwerk waarin geen oombliklike politieke voordeel steek nie, geen aandag kry nie.**

**„Die een party stel voor, en die ander opponeer outomaties, en die publiek se hele uitkyk word uit perspektief geruk en benewel deur eensydige voorstellings, halwe waarhede, uitbuiting van sentiment en uitbuiting van situasies teen mekaar vir politieke voordeel.** As daar nie uitgeskei kan word met dié soort ding nie, is dit hoog tyd dat daar 'n sentrale party kom om weer 'n bietjie balans in ons politieke lewe te bring."

### VOLK VERLAM

In Die Vaderland skryf „Meester Marhat" soos volg:

„Reeds as student in die Volkekunde aan die Universiteit Stellenbosch vyftien jaar gelede het ek tot die gevolgtrekking gekom dat totale segregasie die enigste oplossing is. Daarná was dit nog steeds vir my verstommend dat geen politikus met gesag, of 'n politieke party of 'n sterk dagblad dit sy beleidsaak gemaak het nie.

**„Ongelukkig het ons blankes so verstrengel geraak in politiekery en is ons so lamgeslaan deur ons politieke partystelsel dat nie een party dit durf waag om so 'n drastiese beleidskwessie aan te durf en te probeer deurvoer nie.**

„Kapitalistiese belange steek vas voor die kwessie van ‚goedkoop arbeid.' Maar dit is nie nodig om hierdie ‚goedkoop arbeid' te verbeur met die toepassing van segregasie nie. Segregasie kan nie met een pennestreep deurgevoer word nie. Dit is 'n langtermynse beleid wat oor minstens vyftig jaar sal strek. En selfs nadat die proses voltooi is, kan werkgroepe nog altyd toegelaat word om die blanke gebiede binne te kom, soos vandag met die myne gebeur.

### NIE MOONTLIK NIE

„Maar ek vrees dat ons partystelsel soos dit vandag fungeer, nie in staat is om 'n vyftigjaarbeleid aan te pak nie. Dit kan alleen gedoen word as die natuurelleprobleem uit die partypolitiek gelig word en as 'n nasionale vraagstuk beskou word.

„Dan sal ook met vrug gebruik kan word van ons deskundige talent wat buite die politieke terrein beweeg. Ons kan alleen bid en hoop dat so iets sal gebeur, anders vrees ek die ergste vir die witman in Suid-Afrika.

„Prof. dr. P. J. Schoeman, vroeër van die Universiteit Stellenbosch, het ongeveer 1935, in samewerking met ander deskundiges, 'n volledige segregasieplan met kaarte en al opgestel. Hierdie plan is in 'n lesing aan

(Vervolg in kolom 5)

# Statebond is waarborg

(Vervolg van bladsy 1, kolom 4)

nagelaat het om te meld is dat die Britse dominiums in albei die oorloë nie vir Europa geveg het nie, maar vir Brittanje teen Europa — of altans die grootste deel van Europa.

In albei gevalle is Statebondskragte gebruik om Europa te verwoes. **En die oorsaak van hierdie deelname aan Europese oorloë was juis om die Britse oppermag op militêre en handelsgebied in die wêreld te handhaaf. Die Statebond was 'n instrument in Britse hande om Brittanje se onaanvegbare posisie op die wêreldmarkte te handhaaf teen opkomende Europese mededinging.** En omdat Brittanje nog steeds kans sien om op die skouers van sy Empire staande te bly, is hy onwillig om kragte met Europa te verenig — wat per slot van sake die enigste uitweg teen Europese verslawing en verval kan wees.

### MOET BRITTANJE DWING

**Suid-Afrika se lidmaatskap aan die Empire versterk dus Britse vyandskap teen Europa en verhaas dus onregstreeks die oorlewering van Europa aan die Oosterse kommunisme.** In plaas van Suid-Afrika onvoorwaardelik aan die Britse oorlogswa teen „kommunisme" te haak, behoort Suid-Afrika se beleid te wees om Brittanje tot samewerking met Europa te dwing en daardeur die kommunisme die loef af te steek. **En die beste dwangmiddel sou wees om uit te tree uit die Statebond en die eie koers te volg waarvoor lord Salisbury so bang is.**

In elk geval weet die Afrikanervolk nou uit die mond van 'n Britse minister dat indien die Statebond opbreek, Suid-Afrika sy eie koers sal gaan en nie aan Britse oorloë in Europa sal deelneem nie. **Lidmaatskap aan die Britse Statebond is waarborg van Suid-Afrika se deelname aan Britse oorloë in Europa** — so sê nie die republikeine in Suid-Afrika alleen nie, maar ook die man wie se taak dit is om die Statebond aanmekaar te hou: lord Salisbury.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad


## BRILLE

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN
Besoek ons of skryf om besonderhede

## O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad
Vir
Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg
**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**
*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*


# ENGELSSPREKENDES VERKIES „DIE STEM" IN AFRIKAANS

**Dit wil voorkom of die Engelssprekendes verkies om „Die Stem van Suid-Afrika" as volkslied liewer in Afrikaans te sing as in Engels. In die Engelse pers is heelwat kommentaar gelewer op die Regering se poging om Die Stem in Engels te vertaal. Die besware is nie teen die feit dat Die Stem vir die Engelse onaanneemlik is nie, maar teen die praktiese moeilikhede om dit gelyktydig saam met Afrikaners te sing veral in die onbeholpe vorm wat dit tans vertaal is.**

In 'n hoofartikel verklaar die Cape Times dat die oorspronklike lied van Langenhoven se krag juis lê in sy eenvoudige taal, in sy eenlettergreplge woorde en in die regstreekse natuurlikheid van sy beelde. **„Die geheel het 'n eenheid van trant en styl wat die hand van 'n meester openbaar, en dit is ook uiters singbaar."** Op hierdie punte faal die vertaling, en waar sinne letterlik vertaal is — **en dit is nodig om die gees daarvan te behou — is dit nie singbaar nie.**

Die blad sluit af met die opmerking: „Ons uiter nie hierdie kritiek in 'n gees van vyandskap teenoor die komitee nie, wat sy bes gedoen het met die materiaal tot sy beskikking, en wat die ondoeltreffendheid daarvan self erken. **Die vertaling sal voorlopig deug om die krimpende getal eentaliges te help om Die Stem te sing wanneer dit gespeel word."**

'n Medewerker van die Cape Times skryf in sy rubriek na aanleiding van die vertaling dat hy ernstig twyfel of die vertaling so singbaar is as die oorspronklike veral omdat nie een van die versreëls met eenderse klanke eindig nie. Waar die Afrikaans onderskeidelik eindig met „see," „wa" en „gee," eindig die Engels met „round," „earth" en „resound."

**„Ek verkies om nie in 'n samekoms te wees waar albei vertalings tergelyk gesing word nie," is sy gevolgtrekking.**

**Hy wys egter daarop dat Die Stem die vorige Sondag in die Engelse kerk (St. George's Cathedral) in Afrikaans gesing is, „en dit het baie mooi geklink."**

(Vervolg van kolom 3)

studente onder beskerming van die Afrikaanse Nasionale Studentebond uiteengesit en is later in die lyfblad van genoemde organisasie gepubliseer."

Dit is maar drie voorbeelde van talle uitsprake en briewe van Afrikaners, Afrikaans- en Egelssprekend, wat selfs in partykoerante waarsku teen die partypolitiek.







Waardevolle goedere
verdien sorgvuldige verpakking
Sorg dat u houer sterk genoeg is
Adresseer en verpak behoorlik
—ons sal die goed aflewer
SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË